

10 November - TOEVLUK

Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 46:1-12

God is 'n toevlug vir sy volk. Drie keer in hierdie Psalm word dit herhaal; in die middel en die einde weliswaar nie as toevlug nie, maar as *beskutting* (NAV) of as *rotsvesting* (OAV).

Die digter begin deur ons treffend te laat sien hoe God as toevlug uitstaan bo die aarde en die aardse bekende waarin ons so dikwels ons veiligheid soek. Die aarde voel vas onder ons voete, maar as die aarde bewe en die berge wankel, staan God daarbo uit.

Verder in die Psalm beskywe die digter hoe God troon oor die nasies met hulle oorloë. Nasies kan raas, maar *as God sy stem laat hoor, smelt die aarde weg* (vs 7). *Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde* (vs 11).

God se krag word ook duidelik in die klein riviere wat Jerusalem se water voorsien (vs 5). God troon bo chaos en kragte uit, maar Hy is by sy volk, verbind aan hulle, om hulle te versorg. Hy maak woning by sy volk en sorg vir hulle. Hy is die God van Jakob.

Sal gelowiges dan niks oorkom nie? Stefanus het, terwyl sy laksmanne die klippe bymekaarmaak om hom dood te gooi, die verheerlikte Here gesien. Die dood kon hom nie van sy Here skei nie. Paulus is vir dood opgetel – die wreedheid van die vyand kon hom nie laat tou opgooi nie.

Niks kan ons van die liefde van Christus skei nie (Rom 8:35), want niks het God se liefde in Christus tot ons verlossing teruggehou nie. In Christus maak Hy ons sy eie.

Hy is ons God. Hy is ons toevlug en niks sal ons van Hom kan skei nie.

Sing: Psalm 46:1(1936-beryming)

Ds PA Odendaal (Harrismith en QwaQwa)